

**Woensdag 13 September**

**Skrifgedeelte: Genesis 14:14-20**

**Fokusgedeelte: Genesis 14:18, 19**

**Die waarborg van 'n Koning!**

Te veel mense belooft dinge aan ons wat hulle nie kan gee nie. Kan Christus dan gee wat Hy in die Nagmaal aan ons belooft? Dawid antwoord hierdie vraag as hy in Psalm 110 sê dat die Messias sal kom “volgens die orde van Melgisedek”. In Israel was die priester- en koningskap van mekaar geskei. Die priester het namens mense by God ingetree. Die koning het namens God sy mense verlos, beskerm en toegesien dat reg en geregtigheid geskied. Die priester was dus versoenend, en die koning uitvoerend in sy optrede.

Melgisedek was anders. Hy was 'n koning én ook 'n priester. Christus sou 'n Koning-Priester wees soos Melgisedek.

- As Priester het Hy Homself as die hoogste offer aan die kruis gebring. As Priester tree Hy vir die mensdom in by God en vereffen Hy die oeroue sondeskuld van die paradys.
- As Koning tree Hy ook as Verlosser en Regter van God op. Koninklik oorwin Hy Satan aan die kruis en haal die angel uit die dood! Koninklik sluit Hy die poorte van die hemel oop!

Onwetend gee Pilatus daaraan erkenning met die opskrif aan Jesus se kruis: “Koning van die Jode.”

Wat sien en beleef jy met die Nagmaal? Jy sien die offerande van die Priester Christus, maar jy deel ook in die oorwinning van jou Koning Christus. Jy ontvang die verlossing van sonde en die oorwinning oor Satan. Jy ontvang die sekerheid van die ewige lewe! Jy ontvang die priesterlike versoening met God en ook die koninklike toesegging van al die weldade van die kruis. Daarom is die Nagmaal nie maar net 'n teken nie, maar werklik 'n seël – soos in die antieke tyd 'n dokument amptelik gemaak is deur die seël van die ondertekenaar daarop af te druk. Nagmaal is dus werklik waar Christus die skatte van die kruis aan jou gee. Die Heilige Gees deel dit uit in die vorm van geloofsekerheid en moed en krag. Hy verkwik jou siel en laat die geloof en hoop weer sterk opvlam. Christus gee vir jou, want Hy is Koning, Hy kan!

*Sing: Psalm 47:4*

*Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)*